

Die aandgebed

O barmhartige God, ewige Lig wat skyn in die duisternis, U wat die nag van sondes en alle blindheid van die hart verdryf; U het die nag ingestel om te rus soos U die dag ingestel het vir die werk.

So bid ons U, gee dat ons liggame in vrede en rustigheid mag rus, sodat hulle daarna in staat mag wees om die arbeid wat U ons oplê, af te handel. Matig ons slaap sodat dit nie onordelik is nie, sodat ons aan liggaam en siel onbevlek mag bly, ja sodat selfs ons slaap tot u eer mag wees.

Verlig die oë van ons verstand dat ons nie in die dood ontslaap nie, maar altyd ons verlossing uit hierdie ellende verwag. Beskerm ons ook teen alle aanslae van die duiwel terwyl U ons in u heilige begeleiding neem.

Aangesien ons hierdie dag nie deurgebring het sonder om grootliks teen U te sondig nie, bid ons dus tot U, dat U ons sondes wil bedek deur u barmhartigheid, soos wat U alle dinge op aarde met die duisternis van die nag bedek sodat ons nie van u aangesig verstoot word nie. Gee ook aan almal wat siek is, almal wat bedroef is, en alle harte wat onder aanslae verkeer rus en troos deur ons Here Jesus Christus, wat ons geleer het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.